# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village - 28/2022 – November 2022*

## 1. KOMMUNIKASIE

### 1.1 FACEBOOK

Ons Facebook blad het gewys hoe doeltreffend daar gekommunikeer kan word in krisis tye. Van oomblik tot oomblik kan mense op datum gebring word. Enige verandering in die situasie kan net daar en dan geplaas word sonder beperking op aantal woorde en kan foto's en videos insluit. Dit is beskikbaar vir almal op aarde op vrywillige basis, jy gaan kyk of jy kan dit ignoreer. Niemand sal weet of jy gekyk het of nie. 24/7 beskikbaar. Al 536 eenhede is toegerus met 'n WiFi punt en teen R218.50 per maand is daar **onbeperkte DATA.** Geen kontrak vereistes, 30 dae om te staak of om op te gradeer. Bedoel vir sosiale kontak, nuus oor gebeure, aktiwiteite en bemarking van ons oord.

### 1.2 SMS'e (Short Message Service) of KBD'e (Kort boodskap diens)

SMS'e is redelik beperk in aantal karakters wat per SMS gestuur kan word. Dit veroorsaak dan dikwels misverstande, of laat meer vrae ontstaan as wat beantwoord word. Daar is steeds mense wie se selfoonnommers nie op rekord is by die kantoor nie. So 'n persoon sal GEEN SMS ontvang nie. Groep SMS'e is verder beperk tot kantoorure. Naweke kan geen groep SMS'e gestuur word nie. Volgens Murphy se wet gebeur meeste krisisse oor naweke. Boonop kos dit geld. Bedoel om vervang te word met WhatsApp

### 1.3 WHATSAPP

Met hierdie toepassing moet ons inwoners met hul selfoonnommers opgeneem word in die whatsApp groep. Almal kan self die gratis App (Toep) aflaai. Kantoor sou kan help indien nodig.

Die groep (Bougainvilla 1) is reeds gestig en meer as 200 inwoners/eenhede het reeds deel van die groep geword. Die doel is om slegs **noodsaaklike inligting** aan ons inwoners deur te gee. Geen prentjies en stories nie. Dit sal **eenrigting kommunikasie van bestuur na inwoners** wees. **Dit sal ook oor naweke beskikbaar wees.** Die voordeel is dat daar geen beperking is op die aantal woorde/karakters nie. Situasies kan in meer detail deurgegee en verduidelik word. In noodgevalle alleenlik, soos onlangs met die water, sou foto's ook gebruik kan word om situasies toe te lig. Bedoel vir formele kennisgewings.

### 1.4 BULLETINS

Hoofsaaklike doel is om inligting van algemene aard te kommunikeer en verduidelikings te gee oor reëls wat van toepassing is in die oord.

### 1.5 INFORMANT

Meer bedoel vir sosiale doeleindes, verjaardae, herdenkings, bekendstellings van inwoners, humor, ens

### 1.6 WEBBLAD

Bedoel om buitestaanders en voornemende inwoners/kopers inligting oor ons oord te verskaf. Van ons akte van oprigting, toepaslike wetgewing ens. tot foto's en videos oor aktiwiteite in die oord. Ook deel van bemarking.

## 1.7 PROMOSIE VIDEO

Promosie video van ons oord en van enkele van ons kontrakteurs soos:
Pro-Care, Fedics, D&S Tuin- en Skoonmaakdienste en Guardnet kan u kry op youtube. Tik net in "Bougainvilla Aftree-oord Channel"

Ons oord s'n kan ook gesien word by https://youtu.be/sXypttiBXfE

## 2. PLASTIESE DOPPIES




Daar is 'n boks by ontvangs, onder die model van ons oord, waar alle plastiese doppies gelaat kan word. Die doppies word versamel vir 'n goeie doel.
Vir 'n bepaalde hoeveelheid word 'n rolstoel geskenk vir behoeftiges. Ondersteun asseblief hierdie saak.

## 3. VENSTERS IN WOONSTELGANGE AS 'N STORM KOM

Indien 'n storm aankom is dit belangrik dat die buitevensters in die woonstelgange toegemaak word om skade en nat vloere te voorkom. Natvloere skep risikos wat voorkom kan en moet word. Sekuriteit kom maak dan die vensters toe. Ons wil tog vra dat inwoners nie direk daarna weer die vensters oopmaak nie. Wag asseblief totdat die dreigende storm verby is. **Ook die ingangsdeure moet asseblief toegemaak en toegehou word tydens storms. Ons moes reeds baie maal gebreekte glas vervang. Dit kan voorkom word.**

## 4. KOMMISSARIS VAN EDE OP DIE OORD.

Mev Stevens van eenheid 72 is 'n kommissaris van ede. Sy is beskikbaar vir ons inwoners. As u iets moet laat beëdig kan u haar kontak by 6072. Sy is ten alle tye beskikbaar, die enigste voorwaarde is dat u haar voor die tyd bel om seker te maak dat die tyd vir haar geleë is.

## 5. SPYSKAARTE IN A3

Spyskaarte kan in A3 grootte aangevra word vir die wat sukkel om die skrif op 'n A4 te lees.

## 6. OP SKRIF KLAGTES

Ons wil maar net weer 'n beroep op almal doen om klagtes/probleme op skrif te stel. Daar is 'n boek by ontvangs spesiaal daarvoor. Spelling en mooi skryf is nie van belang nie. Die kans dat mondelinge, terloopse opmerkings/klagtes vergete raak is groot.

## 7. STRAATNAME

Daar is voorstelle ontvang van Johann Lemmer en die Kaartspeelgroep vir die toeken van straatname vir die strate tussen:
a) Blok A1 en die Sorgsentrum. b) Dienssentrum en Blok B. c) Blok B en Blok C.
Die volgende voorstelle is ontvang, Duifie, Kiewiet, Mossie, Swaeltjie, Gesiggie, Kappertjie, Leeubekkie, Magrietjie en Vygie.
Finale besluit sal binnekort geneem word en daarna sal name aangebring word.

## 8. BRAAIAREA

Baie vertragings vanweë reën, maar veral omdat hoogtes so groot verskil het. Dit het veroorsaak dat ons pryse moes kry vir die inry van opvulmateriaal en kompaktering daarvan. Ook vir die vlotfondament het ons spesialiste benodig. Die vlotfondament is nou klaar. Nou sal bouery kan begin en vordering sal amper daagliks gesien kan word.

**9. WASSERYSTOEP**



Die stoep se dak is klaar. Vensters is in. Nou net plafon en ligte en tafels en stoele. Daar is besluit dat ons die wassery minstens voorlopig nie gaan vergroot nie. Die hele stoep sal dus beskikbaar wees vir kleiner byeenkomste soos: bidure, speletjies ens. Dit sal die druk op aktiwiteite in die saal verlig.

**10. WATERLEKKE**

Daar is onlangs ’n verdere 7 waterlekke opgespoor en reggemaak. Dit lyk steeds vir ons of die verbruik tussen middernag en 05:00 te hoog is en moontlik dui op nog lekke. Ons het nou ander oorde se uurlikse verbruik tussen middernag en 05:00 aangevra om te bepaal of dit dalk tog normaal is.

**11. FILTERWATER**



Voltooi en in werking. Die stelsel het nie ’n baie GROOT tenk nie. Neem asseblief ander in ag en moenie 20lt op ’n slag neem nie. Hou dit by so’n 5 liters op ’n slag.

**12. KLINIEKTYE VERANDER!!**

Neem asseblief kennis dat die Kliniek tye gaan verander vanaf **2 Desember 2022. Maandae, Woensdae en Vrydae vanaf 09:00 tot 10:00**

Die kliniek se dienste is **gratis tot beskikking vir die Inwoners van die oord**, uitgesluit die voorraad items wat gebruik sou word, soos bv pleisters, toetsstokkies ens.

Die volgende dienste word onder andere aangebied: Neem van bloeddruk, bloed glukose toets, cholesterol toets, urientoetse, suiker toetse, basiese wond sorg, verwydering van steke slegs met aanbeveling brief vanaf Dokter of selfs bloed trek vir voorgeskrewe bloedtoetse. Toediening van inspuitings kan gedoen word, op voorwaarde dat inspuiting vergesel sal wees met ‘n afskrif van die Dokter se voorskrif vir doseringdoeleindes.

Vir besoektye en huisbesoeke buite kliniekure sou daar kostes kan wees. Volledige detail beskikbaar by die kliniek.

**Maak gerus gebruik van ons kliniek. Die oordsuster (Sr Andrea de Wet) is baie vriendelik en behulpsaam.**

**(LET WEL: Daar is geen kliniekdienste op vakansiedae nie. Kontak dan asb die sorgsentrum vir dringende hulp)**

## Desember kantoor ure

**Die kantoor is Maandae tot Vrydae oop van 07:45 tot 15:45 Behalwe:**

| | |
|---|---|
| **Saterdag** | **10 Desember van 07:30 tot 11:30** |
| **Donderdag** | **15 Desember van 07:45 tot 11:30** |
| **Vrydag** | **23 Desember van 07:45 tot 11:30 en** |
| **Vrydag** | **30 Desember van 07:45 tot 11:30.** |

**Koop u elektrisiteit vroegtydig.**

**Maak seker voor u op vakansie vertrek dat daar genoeg elektrisiteit op u meter is om yskaste/vrieskaste aan die gang te hou. U tuiskoms kan andersins baie onaangenaam wees.**

**Wees in hierdie tyd orals ekstra versigtig en ry veilig.**

**‘n Baie geseënde Kerstyd word u toegewens.**